**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL HG**
**(Tweede Vraestel: Literatuurstudie)**

**Moontlike Antwoorde**
**Feb / Maart 2006**

---

AFDELING A

## POËSIE
## VRAAG 1

***beton***

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | die mens | (1) |
| 1.2.1 | "gister"<br>"vandag" | (1)<br>(1) |
| 1.2.2 | "skaars asem te haal" | (1) |
| 1.2.3 | "roes" | (1) |
| 1.3 | Die verslengtes raak planmatig langer. | (1) |
| 1.4 | Assonansie (herhaling van a-klank) eindklank wat nie rym nie | (1) |
| 1.5 | Die natuur/bome | (1) |
| 1.6.1 | Ja. (Geen punt vir "Nee" nie) | (1) |
| 1.6.2 | Uitbreidings verg landoppervlakte – plantlewe en dierelewe word as gevolg hiervan uitgeroei<br>(Kyk ook na ander insigte.) | (1) |
| | | **[10]** |

**OF**

## VRAAG 2

***tv-nuuskyker***

2.1 Nuusgebeure uit Europa:

- In Joego-Slawië vermoor die Serwiese soldate die Kroate
  Suid-Afrikaanse nuus:
- ’n Tand van argeologiese belang is gevind by Sterkfontein.
- Natuurbewaring begroot ’n halfmiljoen om seekoeie te red.
- Taxi-oorlog in Piropark
- Etniese faksiegevegte
- Verpleegsters staak en siekes sterf

Die nuusgebeure uit Afrika is ’n redelik getroue weergawe:

- Droogtetoestande
- Lydende kinders – wanvoeding en ondervoeding
- Advertensies het sy funksie vir die bekendstelling van produkte en dis nuttig vir belangstellende kopers.

OF

- Dis irrelevant want advertensies is misleidend/...
  (Kyk ook na ander insigte.)

- Verkies Suid-Afrikaanse nuus én Wêreldgebeure:
- Tegnologie verbind wêrelddele
- Lande is interafhanklik
- Brei kennis/begrip uit/...

OF

- Verkies slegs Suid-Afrikaanse nuusgebeure:
- Plaaslike nuusgebeure kan breedvoeriger gedek word/...
  (Kyk ook na ander insigte.) **(10)**

**EN**

## VRAAG 3

***Alle grappies op ’n stokkie***

3.1 Peter Sellers was ? bekende in teaterkringe/’n akteur/’n vermaaklikheidster (1)

3.2 In alle erns/Daar word nie meer grappies gemaak nie. (1)

3.3 “vrolik” (1)

3.4 Die lyk word as iets afstootliks/walgliks beskou. (2)

3.5 Beheptheid met klere (1)

3.6.1 Ja (1)

3.6.2 Die donderstorm wat losgebars het, is die verduideliking vir die iets vreemds wat gebeur het. (1)

3.7 Die spreker se onsekerheid (1)

3.8 'n Wêreldlike geestelike (1)
skynheilige/asof hy opreg godsdienstig is (1)

3.9 Die donderstorm (1)

3.10 Iemand se kalklig te steel (1)

3.11 Ja
Almal wat hul laaste respek aan 'n oorledene wil toon, moet dit kan doen.
OF
Nee
As dit 'n bekende persoon is, kan te veel mense opdaag.
Motivering vir "Ja"/"Nee" moet sluit. (2)

**[15]**

**OF**

**VRAAG 4**

***Musiek***

4.1 Albei is broos/Beide kan met iets gevul word: hart – figuurlik
kelk – letterlik (1)

4.2 Skielik/stil (1)

4.3.1 s-klank (1)

4.3.2 Heling (stilmaak) van die hartseer (pyn)/die woorde wat die tema ondersteun (1)

4.4 "my hart"/"U lê 'n vinger" (1)

4.5 pynlik/griewend (1)

4.6 Die punt (1)
dui die pyn is afgesluit/stil (1)

4.7 gebroke rym (1)
kan gebroke hart uitbeeld (1)

4.8 albei handel oor musiek en (1)
hartseer/pyn (1)

4.9 U kry 'n prominente plek – word beklemtoon uitgehef/God se aanraking staan voorop. (1)

4.10 Ja (1)
Die oorsaak en stilmaak van pyn deur God word in terme van musiek oorgedra/
God se aanraking word ouditief oorgedra. (1)

**[15]**

**OF**

**VRAAG 5**

***Stad in die mis***

5.1 Strate/oop stroke in die mis / Boukonstruksies, staalkonstruksies (1)

5.2 "met gespanne spier" (1)

5.3 Verkeersligte/motors se remligte (1)

5.4 Gehoor (1)
Gesig (1)

5.5 Dit dui op die toenemende bedreiging (van die dier). (1)

5.6 Die stad (as ondier) bedreig die mens met uitwissing/
Die kilheid van die stad
Die mens word vasgevang in die stad/Motorongelukke (1)

5.7 Die kommapunt (1)

5.8 Albei dui op die mistigheid (1)

5.9.1 Ja (1)

5.9.2 Wit – omdat dit mis is
Duisternis – dit omhul en verberg alles (1)

5.10.1 Nee (1)

5.10.2 Die inhoud – die stad is 'n monster wat vernietig/
woordgebruik – kil, staalbeelde (1)

5.11 Ja
Baie gevare/Dwelmmisbruik/Misdaad

Nee
Stedelike bestaan is aangenaam. (2)

**[15]**

## VRAAG 6

***Lied van die kinders***

| | | |
|---|---|---|
| 6.1 | Stryd tussen Katoliek en Protestant/geweld in Ierland | (1) |
| 6.2 | Christus se liefdevolle uitnodiging | (1) |
| 6.3 | Eindwoord in die langste reël van die gedig | (1) |
| 6.4 | ? Kruisie | (1) |
| 6.5 | "sy oë wyd gerek" | (1) |
| 6.6 | Christus se ontferming/vertroosting<br>van die kinders | (1)<br>(1) |
| 6.7 | Herodes het opdrag gegee<br>dat die kinders doodgemaak moet word | (1)<br>(1) |
| 6.8 | Die lys/name kan aangevul word. | (1) |
| 6.9 | Kinders word as weerloos uitgebeeld. | (1) |
| 6.10 | Plek (naam)/Konsentrasiekamp waar Hitler miljoene Jode gedood het tydens die Tweede Wêreldoorlog | (2) |
| 6.11 | Nee<br>Mense is magsbehep/Die wêreld het 'n geskiedenis van oorloë vanaf vroegste tye/Almal veg vir bestaansreg | (1) |

**[15]**

AFDELING B

***Die Keiser* – Bartho Smit**

## VRAAG 7

| | | |
|---|---|---|
| 7.1.1 | Die volk te voed en te klee/Volk beskaaf en te bevry. | (1) |
| 7.1.2 | Kultuur | (1) |
| 7.1.3 | Nee | (1) |
| 7.1.4 | Kultuur het homself verryk/geld bestee aan die feesvierings/volk leef nog steeds in vodde/ly honger | (1) |
| 7.2 | Dis 'n fees ter viering van die vyftigste regeringsjaar van die Keiser. | (1) |

7.3 Ekwator plek op (naby) die ewenaar
Utopia is ’n denkbeeldige plek
OF
Ekwator word regeer deur die Keiser. (2)
Utopia word regeer deur die “Grootkeiser”.

7.4 Hy is deel van die komplot teen die Keiser/Hy is kop in een mus met die Wewer. (1)

7.5 Deur middel van die vraagteken en uitroepteken (1)

7.6 Oorname van mag/staatsgreep/die Keiser se troon (1)

7.7 Dit was te laat vir hulle, want (1)
hulle is onthoof. (1)

7.8 Vrae word gestel/Kort vraagsinne (1)

7.9 Vorste vanoor die wêreld (1)

7.10 Hy is die jongste van die ministers/Dis minagtend / geringskattend. (1)

7.11.1 Ja (1)

7.11.2 Dis nie die gaste nie, maar Diplomaat wat minderwaardig voel oor hul kleredrag (1)

7.12 Klere wat dui op agteruitgang/verval/onsedelikheid (1)

7.13 ... vir sy Majesteit klere maak soos die wêreld nog nooit gesien het nie? / Kyk ook na ander sienings van kandidate. (1)

7.14 Moenie ’n geskenk kritiseer nie. (1)

7.15 Die wewers (1)

7.16 “Maar dié ken ons tog reeds, Maarskalk” (1)

7.17 ’n Minister of enige ander persoon wat die Keiser bedrieg of onbekwaam vir sy pos is, sal die kostuum nie kan sien nie. (1)

7.18 Minagting/geringskatting (1)

7.19.1 Ja (1)

7.19.2 Enersyds tree hy op as Diplomaat, <u>Minister van Buitelandse Sake</u>, (1)
Andersyds as <u>rebel</u> (Kameraad van die Groen Tier) (1)

7.20 Die Keiser oorreed/oortuig (1)
om die geskenk van die wonderkostuum te aanvaar. (1)

7.21 Hy is uitgesproke ... /lojaal aan die Groen Tier/ ... (1)

**[30]**

**OF**

## VRAAG 8

Hierdie is slegs geldige riglyne; nie 'n modelantwoord nie.

8.1

- Die Keiser het 'n beskawingsideaal vir sy volk
  - Hy wil die volk bevry,
  - en die gelukkigste volk op aarde maak.
  - Almal moet gevoed en gekleed wees.
- Die Wewer wil die keiserskap oorneem
  - en die volk as arm, kaal slawe onderdruk.
- Die Keiser en sy ministers beskou klere en beskawing as sinoniem.
  - Klere is 'n simbool van beskawing teen die barbarisme.
  - Klere is 'n belangrike aspek van sosiale vertoon.
  - Aan jou klere word jy geken ("die klere maak die man").
- Daarteenoor word kaalheid gelykgestel aan barbarisme.
  - Kaal is dekadent en onbeskaaf.
- Tog word kaalheid in die slotbedryf as iets positiefs beleef:
  - Die Keiser word een met die volk wanneer hy soos hulle naak is.
  - Kaalheid = eerlikheid en waarheid
  - Klere = leuens/maskers wat die waarheid verberg
  - Deur middel van kontraste word die uiteenlopende sienings en ideale van die Keiser, sy ministers en die wewers uitgelig. Kontrastering ondersteun die tema. (Kyk ook na ander insigte.) (10)

8.2

- Die Keiser sê dat sy vader op sy oudag 'n snaakse soort siekte gekry het,
- moontlik sy gewete oor die volk wat hy soos slawe behandel het.
- Hy het begin glo dat sy klere hom brand,
- dan het hy gekerm van die pyn en sy klere van hom afgeskeur.
- Soms in die middel van die straat,
- daarom het hulle hom die Mal Keiser genoem.

- Soos sy vader se gewete hom gepla het, word die Keiser ook deur sy gewete gepla.
- Soos sy vader was hy te swak en agtelosig om vir sy volk te sorg.
- Soos sy vader lieg hy vir homself as hy glo sy bevele word uitgevoer.
- Aan die einde word sy vrees bewaarheid en loop hy soos sy vader kaal voor die volk en sien hy dat die volk – soos in sy vader se tyd – steeds arm en honger is en in vodde geklee is.

- Die Keiser moet sekerheid hê dat sy bevele uitgevoer word in die opheffing van die volk.
- Die Keiser moet die volk gekleed, gevoed en gelukkig sien. (10)

8.3

- Maarskalk is die Minister van Verdediging – verantwoordelik vir die veiligheid van die land.
- Waar 'n maarskalk die hoogste rang in sommige leërs is, noem Nar hom 'n korporaal wat die laagste onderoffisier-rang is.
- Maarskalk word hierdeur verneder weens sy onvermoë om die Groen Tier te vang en die rebellie te onderdruk.
- Nar het rede want Maarskalk kom bang en onseker voor – hy vertrou niemand nie.

- Hy is veronderstel om verantwoordelik te wees vir orde, veiligheid en regverdigheid,
- maar sy bekommernis oor die volk wat honger is en in vodde loop,
- is nie uit mensliewendheid nie, maar omdat hy dit as redes vir die opstand beskou.
- Hy sien dat sy soldate nie die bedreiging van die Groen Tier kan beheer nie,
- en die "grensvoorvalletjies" word vir hom 'n nagmerrie.

- Hy is totaal verstrik/vasgevang in korrupsie en bedrog teenoor die Keiser.
- Hy verryk homself ten koste van die volk.
- Hy "sien" ook die kostuum.
- Hy is wreed.
- Hy is 'n leuenaar en rapporteer aan die Keiser dat toestande onder beheer is en dat daar geen rede tot kommer is nie. (10)

**[30]**

**EN**

AFDELING C
**KONTEKSTUELE VRAE**

**VRAAG 9**

***Kringe in 'n Bos* – Dalene Matthee**

| | | |
|---|---|---|
| 9.1 | Vyandig/dreigend/onheilspellend/gespanne | (1) |
| 9.2 | Saul Barnard en Kate MacDonald | (2) |
| 9.3 | Haar pa (MacDonald) het haar weggestuur/Sy het onderwyseres gaan word. | (1) |
| 9.4 | Daar wás nie 'n skoolgebou in Meulbos nie. | (1) |
| 9.5 | Meulbos/Die plek waar 'n goudrif ontdek is | (1) |
| 9.6.1 | Die delwers (en hul gesinne) | (1) |
| 9.6.2 | Die slegte paaie/Modderpaaie | (1) |
| 9.7 | Dit dui Saul se denke aan/Die woorde wat Kate vroeër gebruik het. | (1) |
| 9.8 | Nee<br>Saul wou die Bos beskerm/Oupoot beskerm/Bosmense beskerm | (1)<br>(1) |
| 9.9 | Die Bos word verwoes (deur die delwers)<br>Saul voel magteloos (teenoor die verwoesting/delwers) | (1)<br>(1) |
| 9.10 | Hulle (die delwers) is soos aasvoëls<br>en verslind die Bos (dit wat van die Bos oor is). | (1)<br>(1) |
| 9.11 | Figuurlik<br>Dui op 'n saak wat hom gepla het | (1)<br>(1) |
| 9.12 | Om spanning en afwagting te skep/Impliseer Saul dink na oor hierdie woorde | (1) |
| 9.13 | Die delwers is onverskillig/skiet roekeloos/roei olifante en die Bos uit | (1) |
| 9.14 | Vrae/Vraagtegniek | (1) |
| 9.15 | "Vir wie loop vertel jy van die onrus wat in jou saamhoop?" | (1) |
| 9.16 | "Weggaan" of "bly" (die Bos beskerm) | (1) |
| 9.17 | Jozef wou Oupoot doodskiet.<br>Hy vermoed Oupoot is verantwoordelik vir sy kind se dood. | (1)<br>(1) |

9.18 Om die Bosmense op te hef/Wys te maak/Bygelowigheid afsien/... (2)

9.19.1 Moet hy Oupoot doodskiet of nie? (1)

9.19.2 en 9.19.3
Sou hom skiet – om dieselfde redes as Saul/vernedering spaar, ... OF
Oupoot laat loop – Oupoot se lot oorlaat aan die noodlot (2)

9.20 Saul se gedagtes keer terug na die werklikheid. (1)

**[30]**

**OF**

**VRAAG 10**

***By Fakkellig* – Karel Schoeman**

10.1 Ard na Croise – Séamas die eienaar/Séamas is Iers/Vervalle landgoed.
Donore – Familie-landgoed van David-hulle/Engelse grondeienaars/Toon agteruitgang. (2)

10.2.1 Warmte/gesellígheid/laggend (1)

10.2.2 Die stemming het verander (word ongemaklik en koud). (1)

10.3 Verbasing/skok/onwelkom (1)

10.4 Hy word in die rede geval (deur Séamas) (1)

10.5 Die verduideliking waarom hulle mans benodig – (<u>om te dans</u>) (1)

10.6 “whiskey” (1)

10.7 David verstaan nie Iers nie. (1)
Hulle verstaan nie Engels nie. (1)

10.8.1 Nee (1)

10.8.2 Hy het nooit deelgeneem aan enige sosiale funksie nie/Hy was gewoonlik alleen en eensaam/. (1)

10.9.1 “... David staan verlore en onbegrypend in hul midde ...” (1)

10.9.2 Ja (1)

10.9.3 Ek het hulle pret bederf/Ek verstaan hulle nie ... (1)

10.10 Tydens die Middernagmis (1)

10.11 Die Ierse boerebevolking as mense/armoede en ellende/revolusionêre boeke en idees/opstandsidees/Katolisisme/...(Enige Twee) (2)

10.12 Hulle was onwillig (om met hom te dans) (1)

10.13 David stoei met O Máille (om meisie te red) (1)
hulle val en O Máille breek sy nek. Hy leer Séamas en Liam ken. (1)

10.14 Liam is 'n rebel/opstandeling./Séamas identifiseer daarmee. (1)

10.15 Séamas praat/is passief betrokke (1)
Liam doen/is aktief betrokke (1)

10.16.1 David samel gewere in (1)

10.16.2 Ja OF /Nee
Dis nie vooraf goed beplan nie/ Vir David het dit beteken hy
Dis sinloos. raak betrokke. (2)

10.17 Hulle verwag simpatie en hulp van die Franse (1)

10.18 Nee (1)
David het géén aktiewe belangstellings nie. (1)

**[30]**

**OF**

**VRAAG 11**

***Fiela se Kind* – Dalene Matthee**

11.1 Benjamin Komoetie/Lukas (1)

11.2 Miss Weatherbury wil Nina tot dame omvorm/sien die goed in Nina raak/beskerm haar (1)

11.3 Dit dui aan dat hy onkant gevang is/hy soek na 'n paslike respons/Hy twyfel ... (1)

11.4 Letterlik – woon sy nie meer in die Bos nie. (1)
Figuurlik – het sy nou die Boslewe afgeskud en is nou 'n dame. (1)

11.5 Hy wil Nina se geld neem (vir Elias). (1)

11.6 Sy is beskermend/vurig/regverdig (1)

11.7 Alle inkomste (verdienste) word aan een persoon gegee en dan vir almal gebruik. (1)

11.8 ’n Geweer (1)

11.9.1 Nee (1)

11.9.2 Sy het gevoel hy het geen reg daarop nie. (1)

11.10 Nina het nie haar geld vrywillig geskenk nie./Elias eis die geld en sien dit nie as bydrae nie. (1)

11.11 Nina se leuens/stories (1)

11.12 Die steekse kind en die beduiwelde muil (2)

11.13.1 “gestaar” (1)

11.13.2 Sy “verknies” haar./Sy is bekommerd (1)

11.14 “slaan” – wreedheid/ongenaakbaarheid (2)

11.15 Die verantwoordelikheid is myne. (1)

11.16 Vrees/bekommernis (1)

11.17 Een van die sensusmanne (1)

11.18 Dit dui op geringskatting/ongemaklikheid/oneerlikheid/... (1)

11.19 Benjamin Komoetie (1)

11.20 Vrou/vroumens (1)

11.21 Hulle gaan Benjamin wegneem van haar. (1)

11.22 Ja – volgens Barta se getuienis het hy nie ’n keuse gehad nie. OF (1)
Nee – Hy kon na meer getuienis geluister het. (1)

11.23 Nee
Fiela het nie ’n keuse gehad nie/Die “Goewerment” sou dit nie toelaat nie. (2)

**[30]**

**OF**

## VRAAG 12

***Toorberg* – Etienne van Heerden**

| | | |
|---|---|---|
| 12.1 | De la Rey Moolman – sy afwykende gedrag/<br>Posmeester Moolman – Hy trou met ’n Katolieke vrou | (2) |
| 12.2 | ’n Magistraat wat aangestel/benoem is om ’n spesifieke saak te ondersoek | (1) |
| 12.3 | “graf” | (1) |
| 12.4 | Hulle versprei stories/is kletserig/. | (1) |
| 12.5 | Dis warm. | (1) |
| 12.6 | Deeglikheid | (1) |
| 12.7 | Beklemtoning/Uitheffing/Vestiging van aandag op inligting tussen die aandagstrepe | (2) |
| 12.8 | Hy sou lig moes werp op die saak. | (2) |
| 12.9 | “So word vertel” | (1) |
| 12.10 | Windmakerig/ongeduldig/hardwerkend/driftig (Enige Twee) | (2) |
| 12.11 | Dis moeilik om ’n onderskeid tussen fiksie en feit te tref. | (2) |
| 12.12 | Die magistraat – as die lang arm van die gereg – het nie ’n regterarm nie. | (2) |
| 12.13 | Ja<br>Die magistraat het nie ’n uitspraak gelewer nie. | (1)<br>(1) |
| 12.14 | “’n Mens trap nie op die skaduwee van ’n dooie nie” | (1) |
| 12.15 | “... my aarde sowel as julle s’n ...” / “... julle s’n as myne” | (1) |
| 12.16 | Hy sterf in die solder. | (2) |
| 12.17 | Die magistraat het min van sy vader geweet/Sy vader is dood die dag met sy geboorte. | (1) |
| 12.18 | Ella het De la Rey (haar geliefde) in hom raakgesien. | (1) |
| 12.19 | Sy mank been | (1) |
| 12.20 | Sy drif/vurigheid | (1) |
| 12.21 | Ja<br>Sy taak is byna onmoontlik: geeste, leuens, ... | (1)<br>(1)<br>**[30]** |

**OF**

**PARAGRAAFTIPE VRAE**
**VRAAG 13**

***Kringe in 'n Bos* – Dalene Matthee**

13.1

- Die Bosmense is tradisievas, hulle glo byvoorbeeld dat 'n bloubokkie se gal in sy kop sit, en die geelhoutboom die boom van die kennis van goed en kwaad is, ens.
- Van sy kinderdae is Saul anders as die ander Bosmense en bevraagteken hy aanvaarde opvattings en bygelowe.
- Vir sy mense, wat hou by hulle tradisies, is sulke optrede en vrae onaanvaarbaar.
- Saul is ook die enigste Bosmens wat kan insien dat die Bos uitgeroei word.
- Die houtkappers is nie bewaringsbewus nie en verkeer onder die indruk dat hulle kan kap soos hulle wil.
- Die delwers maak hulle ook in mindere mate hieraan skuldig.
- Die Bosmense kan nie verstaan waarom hy akkoord gaan met die boswagter se aanbevelings oor die uitkap van bome en die skiet van olifante nie.
- Die houtkappers beskou Saul as uitverkoper en verraaier en hy word verwerp deur sy eie mense.

- Die houtkappers roei die Bos uit, houtkopers buit die houtkappers uit en die Bos moes vir almal sorg.
- Omdat die houtkappers se bestaan van die Bos afhang, behoort die Bos volgens die Bosmanne aan hulle; maar omdat hulle ongeletterd is en maklik deur die houtkopers bedrieg word, word hulle onregstreeks gedwing tot die vernietiging van die Bos en daarmee saam hulle voortbestaan.
- Saul sien hoe hulle in uiterste armoede leef en die Bos en diere uitroei om te kan bestaan.
- Intussen word die houtkopers net ryker, terwyl hulle op die Bosmense se onkunde teer.

- Vir Saul was Oupoot nie net 'n olifant nie, maar 'n dier-broer.
- Daar het 'n besondere band tussen Saul en Oupoot bestaan.
- Daar word die gevoel gekry dat Oupoot begaan is oor Saul en hom wil beskerm of troos, in krisisse wil bystaan, en probeer vriende wees in sy familie se plek.
- Oupoot lei vir Saul na Meulbos sodat hy die skade kan sien.
- Saul is lief vir Oupoot sodat hy nie wil toelaat dat 'n uitroeier hom skiet nie.

- Kate maak vir Saul vertroud met die Engelse taal wat hom in staat stel om MacDonald se bedrog teenoor die houtkappers agter te kom.
- Sy help hom ook om sy droom te verwesenlik.

Ja – Verhaal sou makliker lees.
Nee – Die twee verhaallyne is ’n suksesvolle tegniek, omrede die leser ’n kans kry om na te dink oor die toekoms van die Bos, Saul en Kate./Spanning word deurlopend volgehou. (20)

13.2

- Joram ken die Bos baie goed en is ’n gerespekteerde man in die Bos vanweë sy kennis.
- Hy ken die Bos se blare en bome – watter struike/blare goed is vir medisyne; en die nut van verskillende boomsoorte.
- Ook die voëls ken hy goed,
- en die spoor van die bosbok en bloubokkie.
- Hy ken die gedrag van olifante en het opgetree as gids tydens prins Alfred se besoek.
- Hy glo die Bos behoort aan die houtkappers. Hulle bestaan hang af van die Bos en daarom kan hulle kap soos hulle wil.

- Joram is as houtkapper ook ’n gerespekteerde man. Hy is ’n harde werker en glo vas dat sleg kom van dikeet en lank lê.
- Hy laat nie op Sondae werk nie en niemand mag voor hom vloek nie.
- Tydens sy onderhandelings met MacDonald is dit egter ’n ander Joram: ’n swakkeling wat minderwaardig voel, wat maklik bedrieg en gekul word.

- Joram was lief vir altwee sy seuns.
- Jozef het in sy pa se voetspore gevolg: hy was ’n tipiese Bosmens, en sy pa se regterhand.
- Saul het met Joram geredeneer oor hul gebruike en opvattings en het as gevolg hiervan ’n breuk in hul verhouding meegebring,
- maar Joram het gereeld vir Maska gestuur om te gaan kyk of dit goed gaan met Saul.

- Joram se dood is funksioneel: hy sterf in die Bos – deur die Bos – wanneer ’n upright skeef val.
  (Kyk ook na ander insigte.) (10)

**[30]**

**OF**

## VRAAG 14

***By Fakkellig* – Karel Schoeman**

14.1

- David is ’n alleenmens wat nie by sy eie mense tuisvoel nie,
- en ook nie deel het aan hul sinledige bedrywighede nie.
- Alleen het hy in die biblioteek gesit en lees.
- Alleen het hy rondgedwaal deur die landgoed.
- Sy vriendskap met Alice beklemtoon sy eensaamheid want tydens haar verblyf en veral na haar vertrek word hy intens bewus van sy eensaamheid.

- David is ’n passiewe mens.
- Hy maak kennis met ’n breë spektrum Ierse karakters: ’n skoolmeester, die dorpspastoor, die weduwee en haar dogters, asook die ou bedelaarsvrou.
- Vir die eerste keer raak hy emosioneel betrokke by sy medemens.
- Hul swaarkry en armoede raak hom en teerheid vul hom by die aanskoue van die ou Ierse vrou.
- David kuier gereeld by die Iere (Liam en Séamas) en probeer hul sienswyse begryp, maar tree nog steeds nie daadwerklik op nie.
- Hy kies om vriende te wees met die Iere, maar neem polities geen standpunt in nie.
- Alhoewel hy meer by hulle betrokke raak, bly hy steeds passief.

- Dit is Liam se dood wat David dwing om daadwerklik op te tree.
- Hy kies om die Iere daadwerklik in hul opstand te help deur vir hulle gewere te kry.
- Hy word geskiet en gevang.
- In die tronk dink hy na oor die sinloosheid van sy daad en sy uiteindelike sinlose dood – omdat hy niks daardeur tot stand gebring het nie.
- Die gedagte vul hom met ’n nog groter eensaamheid,
- want hy is nog steeds eensaam en vreesbevange, en onseker en in die duister.

- Om aan jou bestaan sin te gee, moet jy jouself bereid verklaar tot verandering, betrokkenheid en verantwoordelikheid. **[20]**

14.2

- Alice betrek David by haar bedrywighede.
- Deur Alice raak David bewus van die Ierse boerebevolking se armoede en ellende.
- Alice is verantwoordelik vir David se soeke na sin in die lewe en deur haar maak hy kennis met Liam.
- Sy leer hom om van sy eensaamheid weg te groei en ander mense raak te sien.

- Liam is die eerste vriend wat David ooit gehad het.
- Deur Liam kom hy in aanraking met die Ierse boere bevolking, o.a. Séamas Bán, die dorpspastoor O'Floinn, die weduwee en haar dogters, asook die ou Ierse bedelares
- en hy raak vir die eerste keer bewus van hulle verwagtinge, hoop en drome.
- Met sy gesprekke sit Liam David ook die eerste keer aan die dink oor die sin van sy bestaan
- en dat die mens oortuigings moet hê
- en dat hy moet kies of jy by jou oortuigings wil staan of nie.
- Hy begelei David ook in die opstandsgedagte, en maak hom bewus daarvan dat hy uit sy kring beweeg en moontlik gebrandmerk sal word.

- Hul invloed maak David vry van sy patroonmatige bestaan en moedig hom aan om weg te breek uit die patroonmatigheid daarvan.
- Hul invloed motiveer hom om sin te gee aan sy lewe en daadwerklik op te tree.

**OF**

- Hul invloed was nie voordelig nie. Hul het hom gedryf tot 'n sinlose daad. (Kyk ook na ander insigte.) **[10]**

**[30]**

**OF**

**VRAAG 15**

***Fiela se kind* – Dalene Matthee**

15.1

- In die Bos was Nina 'n toonbeeld van verwaarlosing en onversorgdheid.
- In diens van miss Weatherbury word Nina 'n ander mens.
- Miss Weatherbury sien die goeie kwaliteite in haar raak en omvorm haar tot 'n dame.
- Miss Weatherbury leer haar naaldwerk doen (met moeite).
- Sy is nou 'n besondere netjiese mens met netjies gesnyde hare en netjiese en goeie klere.
- By miss Weatherbury besluit Nina ook dat haar pa vir sy eie geld moes werk, want haar geld sou hy nie kry nie.

- Benjamin sien die eerste keer die see toe hy met die sensusmanne Knysna toe is.
- Sy verwondering aan die see het op daardie oomblik sy vrees vir die dorp en magistraatsgebou oorheers.
- Toe Lukas uit die Bos kom – op soek na Nina – besluit hy om eers Noetzie toe te gaan en deel te hê aan die spookskip se verskyning.
- By die see is dit oop en wonderlik en laat dit hom terugdink aan sy kinderdae by Fiela.
- Hy dink ook aan die skuite waarmee hy op die vangdam gespeel het.

- Hy bewonder die see en skepe, en die oopte is vir hom aanloklik.
- Hy besef dat hy nooit weer Bos toe kan gaan nie.

- Benjamin werk later by die hawe op Knysna en Nina werk en woon in die dorp.
- Hy begin ’n gevoel van liefde vir haar ontwikkel en moet daarteen stry, omdat hy haar broer is.
- Hy ondervind ’n aaklige gevoel van skuld
- en dit word vir hom dringend noodsaaklik dat hy weet wie hy werklik is.
- Nóg Fiela nóg Barta klaar die onsekerheid vir hom op (Barta volstaan dat hy Lukas van Rooyen is).
- Toe hy vir Nina sê dat hy haar nie meer so baie moet sien nie, stap sy verwytend van hom weg.
- Toe Benjamin uiteindelik ’n erkenning uit Barta kry, volg die finale sekerte – Nina is nie sy suster nie, sy is ’n vrou en hy is Benjamin Komoetie.

- Die volgende redes kan aangevoer word waarom hy moontlik die kind van ’n matroos kon wees.
- Benjamin se verwondering en liefde vir die see, die gevoel van ligter wees
- Sy liefde vir skuite waarmee hy op die vangdam gespeel het in sy kinderdae.

  (Kyk ook na ander insigte.) (15)

15.2

- Benjamin weier aanvanklik om hom te identifiseer met die Van Rooyens.
- Hierdie man (Elias) en sy vrou (Barta) was baie anders as Fiela-hulle.
- Hulle is baie arm, vuil en onversorgd.
- Hulle huis is van planke gemaak en dit is donker binne die huis.
- Lukas is bang en voel vasgekeer.
- Hy het bly hoop dat sy ma hom kom haal.
- Hy verlang na die ooptes van Wolwekraal.

- Elias het nie veel ambisie in die lewe nie, behalwe om geld te maak.
- Om hierdie ideaal te verwesenlik moes hy die ivoortande van die olifante verkoop.
- Toe die vanggat vir die olifante nie sukses oplewer nie, koop hy ’n geweer.
- Op ’n dag moes hy vlug vir sy lewe toe hy deur ’n olifant bestorm is.
- Hy het hierna geglo dat die olifante hom gebrandmerk (getjap) het.
- So oorheersend was sy vrees dat hy dit nie kon waag om verder as sy woonplek te beweeg nie.
- Dit maak van hom ’n vasgekeerde met ’n voortdurende vrees in hom vir die olifante.

- Nina is ’n natuurkind wat die Bos, sy diere en plante en voëls goed ken.
- Haar liefde vir die Bos laat haar dikwels van die huis wegdwaal en dan verkeer sy in ’n wêreld van haar eie.
- Sy ontwikkel ’n fyn oor vir die Bosgeluide – veral die voëlgeluide wat sy namaak.

- Sy treiter haar pa as sy gedwing word om te werk, want sy bring liewer haar dae in die Bos deur.
- Toe sy probleme ondervind in die dorp, loop sy weg om weer heel te word in haar geliefde Bos.

- Benjamin word bevry van sy vasgevangenheid deur sy geleidelike aanvaarding van sy omstandighede en hy vind 'n vriendin in Nina.
- Nina ontgroei die Bos – die ou plek in die Bos is nie meer soos vroeër nie: haar mondfluitjie is geroes en die bottels is vuil.
- Vir Elias is daar geen bevryding nie: net soos hy olifante in die vanggat probeer vang het, so is hy nou vasgevang.
- Tog ontwikkel 'n mens 'n mate van simpatie vir Elias vanweë sy ontsteltenis nadat Barta erken het sy het 'n leuen vertel.
  (Kyk ook na ander insigte.) (15)

**[30]**

**OF**

**VRAAG 16**

***Toorberg* – Etienne van Heerden**

16.1 Die magistraat doen 'n geregtelike ondersoek oor die dood van Noag veertien maande gelede.
Hy kom diep die verlede op om te bepaal of iemand vir die kind se dood verantwoordelik gehou kan word.

Die magistraat (Abraham van der Ligt) is 'n deeglike mens wat 'n helder uitspraak wil gee.
Om hierdie rede voer hy met elke lid van Druppeltjie se voorgeslag (lewend of dood) 'n gesprek om die waarheid te bepaal rondom die tragedie van Druppeltjie in die boorgat.
Hy leer ook die stamboom uit sy kop.

Die magistraat besef dat die mense wat hy moet ondervra in twee kampe verdeel is: die Moolmans en die Skaamfamilie, die Riete.
Die skeiding tussen die twee families spruit uit StamAbel se seun Floors se buite-egtelike verhouding met ouma Kitty Riet (Read) 'n Bruinvrou.
As gevolg van die sonde is hy afgesny van die familie – en sy nageslag bly op die Stiefgrond.
Die verwydering tussen die twee families het deur die geslagte heen so groot geword dat DwarsAbel en Shala tydens die tragedie by die boorgat vir die eerste keer in sewe jaar met mekaar gepraat het.
In sy ondersoek kom die magistraat agter hoe die Moolmans op verskillende maniere oor die jare heen teen die Skaamfamilie gediskrimineer het.

Die magistraat besef dat die sukses van die boerdery afgehang het van die beskikbaarheid van water, en dat die verhaal van die Moolmans op Toorberg die storie van water is.
Met die verloop van jare het die water stadigaan opgedroog, ten spyte van pogings deur OuAbel en Abel om 'n akwaduk aan te lê en boorgate te sink.
Van die oorvloed water wat met die naam Noag in die vooruitsig gestel is, het uiteindelik net die "Druppeltjie" oorgebly; tot dit ook weggekwyn het.
Soortgelyk neem Abel die skuldlas vir die kind se dood, die sondes van die Moolmans, en die einde van die bloedlyn op homself wanneer hy die genadeskoot aftrek.

Die magistraat behoort tot die slotsom te kom dat die vorige uitspraak korrek was.
Al die mense om die gat het saamgestem dat Abel die kind moes doodskiet.
Niemand nie (of almal) moet hiervoor verantwoordelik gehou word.
(Kyk ook na ander insigte.) (20)

16.2 In die Bybel is Abel die tweede seun van Adam – die stamvader.
Hy is die een wat God se guns geniet en wat uiteindelik deur sy jaloerse broer Kain doodgemaak word.
God se straf aan Kain vir die daad het beteken dat hy vervloek sou wees, en as hy grond bewerk, dit geen opbrengs sou lewer nie.

- Die nageslag van StamAbel op Toorberg word 'n verdraaide ooreenstemming van die strydende Bybelse broers en hulle lotgevalle.
- Wanneer Floors Moolman 'n rasvermengende verhouding aanknoop, verloën hy sy bloedlyn. Sy straf is verbanning (dit herinner aan Kain se straf).
- Floors Moolman se kind Andries word soos die verbanne Kain deur StamAbel en Abel behandel.

- Noag se Bybelse naam beteken om op te beur.
- In die lig van die Bybelse gegewe veronderstel sy naam die koms van 'n oorvloed water wat die wêreld weer gaan opbeur.
- Die oorvloed – in ooreenstemming met die Bybel – is ter verlossing van die sondelas van die plaas.
- Die kind se bynaam 'Druppeltjie', dui in teenstelling met die oorvloed wat met Noag gesuggereer word, op 'n ironiese skaarste/tekortkoming.
(Kyk ook na ander insigte.) (10)

**[30]**

**TOTAAL VIR AFDELING : [30]**

**TOTAAL: 100**